MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

334 jaar van genade
1686—2020

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch
Pinkster 2020

# Gemeenteblad


Kyk binne vir:



Kerkmusiek 3

Stellumthombo 5-9

*Caritas* = Deernis 9b



Gemeentefees 12-13



Kruiskerk Kronieke 10



Vrees & angs 11



Afgetredenes 14-15



Moederkerkjeug 18-20


## Grendel-ervarings: Kerkwees tydens Covid-19

Baie dankie aan almal wat gereageer het op die kort vraelys wat ons in ons e-Nuus uitgawe van 10 April uitgestuur het. Die egtheid en eerlikheid van jul stories en ervarings het ons diep geraak.

Ons wil graag 'n paar van die getuienisse wat ons na aanleiding van die **drie vrae** in die vraelys ontvang het met julle deel :

1.**In hierdie tyd van inperking,** ***wat is jou of jou gesin se uitdagings?***

Hierdie reaksie vat die uitdagings goed saam: *"Verlange na geliefdes en om kwesbares so goed moontlik te beskerm. Om die Here volledig te vertrou; ook wanneer angs ons oorval."*


Daar is ook 'n bekommernis oor hoe om 'n balans tussen werk en ontspanning te vind, finansiële oorlewing en hoe om roetine te skep. Studente is gespanne oor die ontwrigting van hul studie. Gebrek aan privaatheid skep spanning tussen gesinslede, en soms is die geduld maar min! Gesondheidswerkers beleef ook frustrasie om van agter 'n masker met pasiënte te probeer kommunikeer.

Hierdie was nogal 'n treffende reaksie oor die verlies aan onafhanklikheid: *"Vir ouerige mense [is dit 'n uitdaging] om veilig te gaan inkopies doen, en welmenende bure te keer wat namens ons dit wil gaan doen."*

**2. In hierdie tyd van inperking,** ***wat is positiewe dinge wat gebeur?***

Ons het soveel hoopvolle en bemoedigende terugvoer op hierdie vraag gekry, soos byvoorbeeld: *"Die ervaring van sterker familie-bande, inniger verhoudings en gesamentlike geloofsgroei, groter ver-draagsaamheid en begrip vir ander,"* en *"Ons vreugdes, hartseer, bekommernisse en gemis is gemeenskaplik. Ook op 'n wyer vlak, op sosiale media, ontmoet ek mense van oral oor die wêreld. Dit is vir my aangrypend hoeveel verdraagsaamheid en positiewe gesindhede daar is ten spyte van siekte, sosiale inperkings, verliese en bekommernisse."*

**3. In hierdie tyd van inperking,** ***waar ontmoet jy of julle vir God op nuwe maniere?***



Hierdie reaksie vanuit Doebai is veelseggend: *"Die aanlyn-eredienste was vir my die grootste ontdekking. Die retreat is my roetekaart. God se teenwoordigheid is voelbaar. Meer as ooit. In hierdie wonderlike land word ons nie aan ons geloof geoordeel nie; ons waardes*

SEWE WEKE-REEKS

### Entrepreneurs van Hoop

Tydens 'n naweek van geloofs-onderskeiding het die kerkraad van ons gemeente in Oktober 2019 op die Stillebosch Retreatplaas@Anathoth byeengekom. Ons het saam probeer onderskei wat die fokus en roeping vir ons gemeente in 2020 moet wees. Ons het dit gedoen deur eerlik te kyk na die konteks waarbinne ons gemeente val; ons het eerlik na ons gemeenste se sterkpunte probeer kyk, maar ook na ons eie skadukante. Ons het biddend saam die Here se hart en agenda vir die kerk probeer soek. Tydens hierdie tweedaagse proses is die tema "Entrepreneurs van Hoop" gebore, wat uiteindelik ook die tema vir ons Sewe Weke-proses vanjaar geword het.

Min het ons op dié stadium geweet hoe 2020 sou ontwikkel en hoe dit 'n jaar sou word waarin ons, nie alleen net ons in ons eie konteks nie, maar die ganse wêreld, sou smag na hoop.

Met ons Sewe Weke-reeks het ons die idee van 'n Entrepreneur as analogie vir ons roeping as gelowiges in ons dorp en gemeenskap, land en wêreld gebruik.

*Albei berigte vervolg op 2*

*en leefstyl is die maatstaf. Die Arabiere betoon altyd hul dankbaarheid teenoor God met openlike respek en dankbaarheid. Dit was aan die begin vreemd. Tans sê ek dit ook graag hardop: 'God is Great'."*

Dit is opvallend hoe positief mense *stilte* beleef en dit ervaar as die medium waar hul God ontmoet. Daar word heelwat dankbaarheid vir die tuis-retreat en aanlyn-eredienste as plekke van ontmoeting uitgespreek.

Mense ervaar ook die bewuswording van hul afhanklikheid van God as *bevrydend* en beleef persoonlike geloofsverdieping. Daar is byvoorbeeld mooi getuienisse oor 'n groei in spontaniteit wat mense in hul gebedslewe beleef.

Laastens ervaar mense hul ontmoet God dáár waar hulle *omgee* vir ander; dat daar mense is wat oor hul pad gestuur word en hul hulp benodig. Dié ervaring van medemenslikheid en samewerking skep 'n diep dankbaarheid by mense; so ook die ervaring van God se nabyheid wat sigbaar/ tasbaar in ons omgee vir mekaar raak.

*Irénée Heyns*
*Redakteur, eNuus*

## Kerkwees tydens Covid 19: Hoe ervaar twee ander nabygeleë gemeentes dit?

<u>Jandré Viljoen</u> **(Predikant: NGK Ceres-Vallei)**

**Wat het julle...** 1) **... aanhou doen?**

Ons het aanhou kerk lééf…

- Dit is opvallend hoe baie mense net goed by die pastorie kom aflaai. Ons vra nie eens vir enigiets nie en mense kom laai net af. Hierdie produkte laai ons dan weer by behoeftige huise af.
- Dit is opvallend hoe mense sáám kerk hou. Daar is 'n spesifieke wyk in ons gemeente waar gesinne elke Sondag-oggend om 09:30 saam in die straat sing. Elke gesin staan in sy eie erf en sing net Liedboekliedere saam.
- Ons het die kerkklok aanhou lui. Die nostalgie van die kerkklok help mense om nog steeds deel van 'n groter gemeenskap te wees.

2) **... ophou doen?**

Ons het ons minder begin bekommer oor die drie G's van kerkwees: geboue, getalle en geld. Hoekom? Want almal probeer net oorleef. Almal het so besig begin raak dat ons eintlik vergeet van 'n strukturele kerk wat ook moet oorleef. Maar ons neem niemand kwalik nie, ons gee nou nóg meer om, stel meer belang en saai meer liefde. Die struktuur van die kerk kan vergaan, maar God se liefde sal nooit nie. Ons het nie geboue nodig om kerk te wees nie. Ménse is altyd belangriker.

3) **... begin doen?**

Ons het meer begin omgee. Ons het meer begin belang stel. Ons het meer begin bemagtig. Ons het meer nood begin raaksien. Hoekom? Want vir die eerste keer is almal op dieselfde plek; 'n realiteit van onsekerheid, moedeloosheid, raad-op, onveilig voel, en moegheid.

**4) Dalk 'n kort storie van hoop?**

Ons storie van hoop lê by ons groter gemeente. Ek besef dat almal in die lewe sinryk wil wees—elkeen wil vir die ander iets beteken. Die hoop wat ons tans ervaar, is hoe indiwidue met projekte en idees om diensbaar te wees na vore kom.

Die twee projekte waaraan ek kan dink is -

- Pastorale boks ("bederf-boks") vir staatsamptenare wat se families deur die Covid-19 virus geraak word. Ons het taamlik baie polisie-dienaars wat vir die virus positief getoets het. Ons probeer tans op 'n pastorale wyse by hierdie families betrokke raak.
- Ons het ook 'n gemeentelid wat op 'n pastorale vlak gratis na al die dokters en verpleegpersoneel omsien.

<u>Peet Bester</u> **(Predikant: NGK Franschhoek) Wat het ons...**

1) **... aanhou doen?** – die gewone kontak met mense en daar wees vir hulle…

2) **... ophou doen?** – lang tye aan preke bestee en rondry agter vergaderings aan...

3) **... begin doen?** – daaglikse *Whatsapp* aan gemeente met woorde van inspirasie, asook persoonlike gelukwensing met verjaarsdae.

4) 'n **Storie van hoop:** ons kerksaal word as verspreidingspunt vir kos gebruik en ons het elke oggend met kort lees en bid daar begin. Dit het sommer almal daar op 'n ander manier gevoed, amper 'n heilige oomblik in die dag geraak, wat mense wat min kerk toe kom, diep raak.

<u>Karlie Liebenberg</u> **(Finalejaar teologiestudent: NGK Franschhoek)**

**'n Storie van hoop:**

In hierdie tyd is dit is dit vir my persoonlik belangrik om meer op die positiewe dinge in die lewe te fokus, in plaas van die negatiewe dinge.

Wanneer ek dit sê, ontken ek nie die negatiewe dinge nie, maar maak ek 'n keuse om op stories te fokus wat hoop bring.

**Hierdie is klein *pockets of hope*:**

- Ek hoor hoe mense in die gemeente hulle geloofsgewoontes of stiltetyd opnuut hervat het.
- Ek hoor hoe families wat nie oor die weg gekom het nie, 'n "skietstilstand" bereik het en ná baie jare versoen raak.
- Ek hoor hoe goed hierdie tyd vir huwelike is.
- Ek hoor hoe mense oor die telefoon vir mekaar bid.
- Ek hoor hoe mense tyd maak vir introspeksie wat genesing bring.
- Ek hoor hoe goed hierdie tyd vir ons plante, diere en natuur is.
- Ek hoor hoe mense hulle kaste regpak en klere skenk vir dié wat nie het nie.
- Ek hoor hoe mense kos maak vir mense wat honger is.
- Ek hoor hoe mense verby velkeur kyk en mense se *menswaardigheid* raaksien.
- Hierdie is klein *pockets of hope* wat vir my in hierdie tyd hoop bring.

Vervolg van 1 af: **HOOP**

Ons het saam mekaar probeer help om te verstaan dat Entrepreneurs van Hoop mense is met 'n fyn aanvoeling vir die nood rondom hulle. Terselfdertyd het Entrepreneurs van Hoop 'n helder visie van die oplossing, want hulle is in voeling met die Bron – die Bron is God se liefde, vrede en vreugde wat onwankelbaar en oorvloedig is en wat lewe en hoop bring, soos Esegiël ons juis help om te sien (Esegiël 47). Entrepreneurs van Hoop soek en skep die kanale waardeur nood en oplossing, geleentheid en die liefde bymekaar kan uitkom. Die grootste gawe van Entrepreneurs van Hoop is dat hulle nie net *sien* nie, maar ook *doen*. Ons het ook vir mekaar gesê dat Entrepreneurs van Hoop leef met die vermetelheid om te bly hoop waar ander reeds die aftog geblaas het. Die Sewe Weke-proses het individue, groepe en families op 'n reis geneem waar ons eerlik met ons eie angs en onsekerhede kon omgaan en waar ons saam kon gaan sit by ons Bron, vanwaar alles anders kan lyk en vanwaar ons die lewe saam anders kan aanpak. Die Sewe Weke het ons opnuut bewus gemaak van die geleenthede óm ons waarbinne ons hoop kan leef. Ons is opnuut bewus gemaak van ons verantwoordelikheid teenoor ons ganse skepping en hoe ons as entrepreneurs en rentmeesters hiermee moet omgaan; ons is saam opnuut geroep om mekaar as medemens vas te hou en God in mekaar raak te sien. Intussen het die Covid 19-pandemie die wêreld getref en word ons as gemeente vanuit ons Sewe Weke proses nou weer geroep om dit wat ons tydens die Sewe Weke saam ontdek het, te gaan leef in ons eie gemeenskap en wyer.

*Marié Britz*



**Moederkerk/Kruiskerk**

**Stellumthombo**

**Jy kan ook jou dankoffer en bydraes deur Snapscan gee vir die gemeente of vir ons gemeenskapsbedieninge by Stellumthombo.**

**Gebruik die korrekte kodes hier:**

KERKMUSIEK

# ’n Mynveld?

1. *Met die orrel, Zorada, en jou kitaar, Irénée, verteenwoordig julle verskillende style van "kerkmusiek". Waarom dink julle is daar soms spanning tussen die verskillende style in die kerk, soveel so dat soms van die "*worship wars*" gepraat word?*

**Zorada**: Ek dink dit het daarmee te make dat die "klassieke" kerkmusiek, om dit nou maar so te noem, gekenmerk word deur ’n ervaring van die bestaande en die historiese wat "behou" moet word. Die "kontemporêre" kerkmusiek wil modern wees en word dus geïdentifiseer met dit wat nuut, vooruitstrewend en innoverend is. "Behou" en "Innoveer" word maklik as teenstellings gesien. Ek dink natuurlik ons is te maklik ontsteld as daar ’n spanningsveld rondom iets in die kerk is. Spanningsvelde tussen idees is normaal en word gemakliker in die wêreld aanvaar as in die kerk, lyk dit my. Ek dink ons moet gemakliker wees met ’n spanningsveld en die kreatiwiteit raaksien wat daarin na vore kan kom.

**Irénée**: Ja, en ek dink ook ’n mens moet besef dat daar baie wanpersepsies is oor die verskillende musiek- en aanbiddingstyle, soos dat die stylverskille met generasieverskille ooreenkom. ’n Mens kan gerus onthou dat Martin Luther juis die orrel ingebring het sodat mense "lekkerder" kan sing en dat hy jongmense veral in sy visier gehad het! Ons sien dit egter duidelik deesdae, ook in ons gemeente, dat ’n mens nie sonder meer generasie-konflik op aanbiddingstyl-konflik van toepassing moet maak nie. Ouer mense vind ook maklik aanklank by kontemporêre aanbiddingsmusiek, en jongmense by die klassieke, meer as wat ’n mens soms sou dink. Ook moet ek noem dat ’n bron van spanning kan wees dat sommige mense meer kontinuïteit tussen hulle alledaagse musieksmaak en die musiek in die kerk soek, terwyl ander juis weer die andersheid van kerkmusiek verlang. Sommige mense voel vervreemd as hulle klassieke kerkmusiek hoor wat soveel anders is as die kontemporêre musiek waarna hulle gewoonlik luister, terwyl ander juis ’n besonder andersoortige ervaring daarin waardeer.

2. *Wat sou julle sê is elke styl se sterk punt – hoe verryk die betrokke styl ons aanbiddingservaring en kyk die verskillende style dus verskillend na God?*


**Irénée**: Dis ’n interessante vraag, want dalk lê agter jou vraag die idee wat mense soms het dat die klassieke kerkmusiek meer verstandelik of mistiek georiënteerd is, terwyl die kontemporêre kerkmusiek meer emosioneel tot die hart spreek en selfs dat die klassieke meer gewyd is en tot die heiligheid van God spreek en die kontemporêre meer tot die liefdevolle kante van God. Ek dink egter nie mens kan dit so sien nie. Natuurlik kan alle musiek verkeerd gebruik word om mense emosioneel te probeer manipuleer, maar in die algemeen dink ek daar is ’n groeiende verstaan dat wat ons sing oor God alle kante van God en ons geloofsbelewing moet belig. Daar is, byvoorbeeld, ’n nuwe klem op beter teksliriek in kontemporêre musiek wat die ou persepsie dat dit herhalende, oppervlakkige liedere is, teengaan.



**Zorada**: Ek is bly om te hoor wat Irénée sê oor die verdieping van teks in die kontemporêre kerkmusiek, want dít was juis na my mening nog altyd een van die sterk punte van die klassieke kerkmusiek: dat daar diepte in die teks is. Ons moet onthou dat eeue gelede kerkmusiek juis gebruik is om die Bybel aan mense wat nie kon lees nie, bekend te stel. Hulle kon dit sing! Daar is natuurlik wel minder duidelike polsslae in klassieke kerkmusiek (in die sin dat daar nie tromme is wat die slag aangee nie) wat maak dat die klassieke die hartklop nie so direk sal beïnvloed soos wat studies getoon het polsende musiek wél doen nie. Moontlik word mense dus deur sekere kontemporêre kerkmusiek makliker "meegesleur". Dit beteken egter geensins dat die klassieke kerkmusiek "on-emosioneel" is nie. Ek stem saam met Irénée dat ons nie kop en hart van mekaar los kan skeur nie.

3. *Wat is die geval in ons gemeente? Is daar "*worship wars*", oftewel, hoe ervaar julle dit om in die spesifieke styl aanbidding in ons gemeente te lei?*

**Zorada**: Ek het al dikwels vertel dat die voorbereiding en deelname aan ’n erediens vir my ’n intens persoonlike en geestelike ervaring is. Die gesentreerdheid rondom die teks van die betrokke Sondag en hoe daar met die betrokke predikant in die voorbereiding saamgewerk word, is ’n wonderlike ervaring. Die erediens vorm ’n geheel – preek en musiek en ander liturgiese handelinge moet sáám die storie van die sentrale Bybelteks van die dag vertel en vir ons die ruimte skep om dit te beleef. Ek beleef doodgewoon nie die "*worship wars*" in ons gemeente nie. Dalk is dit omdat die verskillende style in verskillende eredienste aangebied word, maar ek glo niemand hoef "op die verdediging" te wees wanneer dit oor kerkmusiek gaan nie.



**Irénée**: Dis waar, ek vind in ons gemeente ’n groot openheid. Ek ervaar toenemend dat ons nie mekaar bloot "verdra" wanneer dit by verskillende kerkmusiek-style kom nie, maar dat ons in werklikheid die verskille "vier". Dis asof dit al hoe meer in die DNA van ons gemeente is om eerder te dink: "Ek wonder wat beleef mense wat die ander styl verkies – kom ek leer iets daarby".

4. *Tydens die inperkingstyd is musiek steeds op verskillende maniere in ons aanlyn-eredienste ingesluit. Hoe het dit gewerk en wat was die terugvoer daarop?*

**Irénée**: Ek moet sê dit was nogal ’n baie interessante eksperiment. Ons het vir Kruiskerk met hoofsaaklik ’n studentegehoor ’n afsonderlike diens, maar met dieselfde prediker, aanlyn beskikbaar gestel. Dit was eintlik iets besonders, want ons musiekleier, Cornél, het in sy huis in die Suid-Kaap gesit, Anneke wat sing, in die Oos-Kaap en Roelof met sy kitaar, hier in die Wes-Kaap. Hulle het afsonderlik die klavier, stem en kitaar opgeneem en dit is toe agterna saamgevoeg op ’n mengbank. Studente se terugvoer was oorweldigend positief. Hulle het gesê dit het hulle laat voel hulle kom weer tuis en is weer geanker in ’n moeilike tyd. Hulle het weer deel van die geloofsgemeenskap gevoel en het selfs heerlik saamgesing!

**Zorada**: My ervaring van terugvoer oor die Moederkerk aanlyn-dienste was soortgelyk. Mense het ook baie waardering uitgespreek vir die pragtige beelde van die kerk en die vensters en die klank van die orrel. Hulle het ook die woorde "tuiskoms" gebruik. Dit is duidelik dat die musiek en die verbintenis met die kerkgebou ’n anker vir mense in die inperkingstyd was. Baie dank is uitgespreek vir die professionaliteit van die opnames. En interessant genoeg was daar ook goeie terugvoer op die luisterlys van klassieke kerkmusiek wat op die webwerf geplaas is. Mense het dit baie waardeer en het met addisionele voorstelle vorendag gekom. Dit is vir my duidelik dat geloofsmusiek, of dit nou klassiek of kontemporêr is, mense in hierdie tyd aan mekaar en aan God verbind het en geestelike leiding en hoop in hierdie tyd gebring het.

*Johan van der Merwe het die onderhoud met Zorada Temmingh en Irénée Heyns met behulp van die Zoom-fasiliteit gevoer en opgeteken.*


MOEDERKERK SE VIDEO

# God se Storie met Moederkerk nou in kleur en klank!

*Grepe uit die video*
https://www.youtube.com/watch?v=uvkfEl6-RKg&feature=youtu.be




















Die Bybel is God se Storie met sy Skepping – dis ’n liefde-storie. Om ’n gemeente te wees is om daardie Storie te vertel en self deel van die Storie te word. Ons het ’n geruime tyd gelede al daarvan begin droom om die gemeente se storie, ten minste, hoe die huidige hoofstuk daar uitsien, te vertel. Dis waar ons video-projek vandaan gekom het.

Ons wil die storie van God met Moederkerk in die tyd waarin ons leef opteken en as ’n getuienis deel. Ons het aangeklop by die videograwe van *Blindspot* (dieselfde mense wat ons help met die huidige aanlyn-eredienste se uitsendings). Ons opdrag aan hulle was om te kyk en te luister en vir ons te wys wat hulle sien en hoor. Hierdie is nie ’n promosie-video nie. Dis ’n gesprek oor wie ons is, wie ons wil wees en hoe om daar te kom.

Vir meer as 18 maande het hierdie span van *Blindspot* opgedaag op plekke waar God sy storie met ons gemeente skryf en uiteindelik met ’n produk na vore gekom wat ons almal verras het.

Om na die produk te kyk, was soms soos om in ’n spieël te kyk waarin jy sekere goed sien wat jou opgewonde en dankbaar maak en ander kere voel jy selfbewus en onseker oor dit wat jy sien. Nietemin glo ons dat hierdie video ’n eerlike weergawe is van God se storie met ons en ons poging om gehoorsaam deel van God se storie te wees in ons dorp en gemeenskap in hierdie tyd en hoofstuk van ons gemeente se verhaal.

Ons nooi lidmate graag om op ons webblad te gaan en die skakel te volg en na die video te gaan kyk. Daar sal heelwat bekende plekke en ervarings wees waarheen die video jou neem en daar sal ook ruimtes en plekke wees waarheen jy in die video genooi word, wat vir jou dalk minder bekend mag wees.

Vir ons was die geskenk hiervan om in ’n kort rukkie die wye betrokkenheid en spektrum te beleef van God se storie met ons en ons reaksie op God se roeping vir ons as gemeente. Ons wil gehoorsaam bly aan hoe ons ons gemeente se visie en roeping verstaan, naamlik om ’n Rivier van Lewende Water te wees in ons gemeenskap wat lewe gee, reinig en hoop bring.

Ons wil vertrou dat hierdie video en eerlike kyk in die spieël ons ook sal motiveer om blywend deel te bly van God se liefde-storie met ons gemeente.

*Marié Britz*



















LW: Alle illustrasies op hierdie bladsy is skermgrepe, met ’n selfoon van die rekenaar af gefotograveer. **Red.**

# Internasionale Studentebediening tydens die pandemie

Die eerste kwartaal van 2020 is verby, en die aangesig van ons wêreld het onherroeplik verander.

Internasionale studente het tydens die Covid-19 pandemie baie ondersteuning nodig. Diegene wat nie kon terugkeer na hul lande nie, is in 'n situasie van isolasie, eensaamheid en teleurstelling. Baie is besorg oor die toekoms en die krisis bied 'n wonderlike geleentheid om hoop in Christus te deel.

Die internasionale erediens is tydelik gekanselleer, maar tegnologiese media word benut om die gevoel van *koinonia* te behou. Bybelstudiegroepe en die erediens ontmoet digitaal; so word die behoefte om rondom die Woord bymekaar te wees bevredig. Gedurende die week bly ons in kontak met mekaar deur "*WhatsApp*" boodskappe en so verhoog ons die omgee vir mekaar. Die kreatiwiteit van studente met hul gebruik van sosiale media het my verbaas.

Dis belangrik dat internasionale studente ervaar dat hulle tydens die verwarrende tyd ondersteun word. Tydens die lydingstyd het die boek van Tim Chester, "*The Beauty of the Cross - reflections for Lent from Isaiah 52 and 53*" vir my baie beteken. Ek het daaglikse boodskappe as oordenkingspunte vir die lydingstyd via "*WhatsApp*" geskryf. Ek werk ook aan 'n *blog* om studente te bemoedig.

Mens sou kon se die tyd van "lockdown" beide die slegste én die beste van tye is. Een artikel gee raad: "*Don't waste your quarantine*". Ons sien dit as 'n besondere tyd en geleentheid vir geestelike groei. Dis ook 'n tyd om goeie geestelike gewoontes te ontwikkel.

Die pandemie het emosionele gevoelens geskep van verlies, frustrasie, teleurstelling en ontreddering. Die Westerse kultuur het 'n obsessie om in beheer te wees van situasies. Ek moes as geestelike leier leer hoe om my gevoelens te tem en eerder studente te help met hantering van hul gevoelens.




"Die goeie ou dae" voor die grendeltyd: Jurie en Magdaleen Goosen deel in Pascal se vreugde met sy doktersgraad

Ons is besorg oor 'n egpaar van die V.S.A wat in middel-Mei beplan om na Stellenbosch te kom. Tyler Helfers beplan om 'n internskap by die Internasionale Studentebediening te kom doen. Hulle het reeds vliegkaartjies gekoop en 'n deposito betaal vir blyplek. Die pandemie veroorsaak onsekerheid vir die egpaar. Bid asseblief vir duidelikheid oor of hulle nog na Suid-Afrika moet kom.

Daar word verwag dat die pandemie 'n groot impak op die ekonomie van lande gaan uitoefen. Die Internasionale Studente-bediening is 'n geloofsbediening wat afhanklik is van donasies van indiwidue en gemeentes. Die pandemie kan veroorsaak dat gemeentes en gelowiges minder fondse beskikbaar gaan hê. Bid asseblief vir God se voorsiening dat dié strategiese bediening kan voortgaan.

Mag ons almal in die krisistyd ambassadeurs van Christus se hoop wees. Groei van die kerk het nog altyd in moeilike omstandighede plaasgevind.

*Jurie Goosen*



**Ontmoet lede van die Internasionale Familie:**

**Arul Nadrajah** van Sri Lanka het Stellenbosch toe gekom om doktorale studie in Teologie te doen. Hy was lank 'n leraar van die Metodistekerk en is nou die hoof van 'n teologiese skool in Sri Lanka.

**Valantee** is die vrou van Arul. In die verlede het die burgeroorlog in Sri Lanka hulle bediening baie beïnvloed. As egpaar was hulle vir 15 jaar kinderloos, todat hul dogtertjie (**Avishani**) op Stellenbosch gebore is.

**Philipp Ragette** van Oostenryk staan links op die foto. Hy het die afgelope vier jaar as pastorale hulp by die Internasionale erediens opgetree.

Die *University World News* konstateer: "*Higher education can expect at least 12 months of abnormal conditions from the Covid-19 pandemic.*"

Bid asseblief vir baie wysheid vir die bestuurspan van die Universiteit Stellenbosch met die voortsetting van akademiese bedrywighede.

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Richard van Wyk
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Wynand Nel
Johan van der Merwe
Angelique Havenga

# Die fontein vir Stellenbosch: Die Here herlei die Stroom in nuwe vore

Stellumthombo is die gemeenskapsontwikkelingsbeen van Moederkerk/Kruiskerk in die Stellenbosch-omgewing.. Dit het in die verlede bestaan uit Straatlig (hawelose bediening), Becoming-Kids (vroeë intervensie programme vir laerskoolkinders) en Masandise (ondersteuning vir eerstegenerasie-studente). Gedurende 2019 het ons van die projekte se uitkomste gemeet en krities gekyk na die impak daarvan om waarlik die gemeenskap te help ontwikkel. Na ’n tyd van kritiese refleksie, het ons aan die einde van 2019 die waarde van die Straatligprojek bevraagteken, aangesien die projek baie staatgemaak het op “*handouts*” as hulpverlening wat nie volhoubaar of effektief was nie. Die hoeveelheid hulpbronne wat in die Straatligprojek gebruik is, het baie min impak op die gemeenskap se ontwikkeling gehad (minder as 5% sukses).

Die Masandise-program is suksesvol en jong mense word gehelp om hulself uit armoede op te hef, maar Straatlig is as uitgebreide hulpprojek gestaak. Hierdie verandering is verder moontlik gemaak omdat die Stellenbosch Munisipaliteit en *Heartflow,* ’n ander nie- winsgewende organisasie, nou die suksesvolle hulpkoepon-stelstel hanteer en die Nagskuiling en die Munisipale oornaggerief vir haweloses steeds daar is. Verskeie instansies werk mee om steeds Bybelstudie vir haweloses aan te bied, maar in die grendeltyd is dit noodwendig tydelik gestaak.

Aan die begin van 2020 het ons onsself afgevra, gegewe ons beperkte hulpbronne, hoe ons dit kan gebruik om die grootste impak te maak om die gemeenskappe van Stellenbosch te ontwikkel. Die antwoord was iets wat ons al eintlik geweet het. Ons moet meer tyd en energie belê om kinders te help om hulle ontwikkelingsmylpale te behaal voor hulle skool toe gaan. Die nuwe rigting is ook beaam deur ’n ouerondersteuninggroep wat Stellumthombo in vennootskap met *Her Voice* in Cloetesville het.

## Nuwe rigting

Ná die loods van ons “Eerste 1000 dae”-program in die tweede helfte van 2019, het ons besef dat daar ’n groot tekort aan goeie vroeëkinderontwikkeling (VKO) -fasiliteite is. Die ouers wat by die program betrokke is, het herhaaldelik gesê dat hulle nie plek vir hulle kinders in goeie kleuterskole kan kry, of dat die fooie te hoog is en hulle dit nie kan bekostig nie. In verdere gesprekke met individue uit Idasvallei, asook in Kylemore, het dit geblyk dat hulle dieselfde probleem as Cloetesville het: beperkte plek, hoë skoolfondse en sekere vrae oor die kwaliteit van die sentrums wat daar tans is.

Daar is ’n ook groot groep kinders in die gemeenskappe rondom Stellenbosch wat nie in ’n vroeëkinderontwikkelingsfasiliteit was nie, en dus nie hulle ontwikkelingsmylpale betyds kon haal nie. Ons het agtergekom dat die kinders in ons *BecomingKids* program ook in dié kategorie geval het, en, as die kinders graad vyf of ses bereik, val hulle uit die skoolsisteem omdat hulle agterraak en nie kan tred hou met die vereistes van die skool nie.

## Navorsing oor hoe om die probleme aan te spreek

Ons het by verskeie organisasies besoek afgelê om meer insig te kry oor hoe ’n mens so ’n probleem aanspreek. Wat in ons gesprekke met hulle bevestig is, sowel as deur die navorsing wat gedoen is deur die organisasies *CommonGood* en die DG Murray-trust, is dat die eerste 1000 dae, sowel as vroeë kinderontwikkeling die belangrikste tyd is om ’n groot verskil met min hulpbronne in ’n kind se lewe te kan maak.

Navorsing deur die DG Murray-trust toon dat elke rand wat tydens die eerste sewe jaar van die kind se lewe bestee word, ’n R13 opbrengs lewer. Dit stem ook ooreen met die Nasionale Ontwikkelingsplan se mikpunt om Vroeëkinderontwikkeling teen 2013 vir almal toeganklik te maak. Navorsing het ook bewys dat slegs 50% van 3-4 jariges inskakel by ’n Vroeëkinderontwikkelingsinstansie en dat net 50% van daardie programme van goeie gehalte is. Interessant genoeg bestee SA tans net tussen 1-2% van sy totale onderwysbegroting aan Vroeëkinderontwikkeling, wat beteken dat, al bewys navorsing dat dit die mees kardinale tyd is om in ’n kind se lewe in te gryp om ’n impak te kan maak, dit steeds nie ’n prioriteit vir die regering is nie.

## Stellumthombo se nuwe fokus

Ons het by verskeie organisasies besoek afgelê om meer insig te kry oor hoe ’n mens so ’n probleem aanspreek. Wat in ons gesprekke met hulle bevestig is, sowel as deur die navorsing wat gedoen is deur die organisasies *CommonGood* en die DG Murray-trust, is dat die eerste 1000 dae, sowel as vroeë kinderontwikkeling die belangrikste tyd is om ’n groot verskil met min hulpbronne in ’n kind se lewe te kan maak.

Navorsing deur die DG Murray-trust toon dat elke rand wat tydens die eerste sewe jaar van die kind se lewe bestee word, ’n R13 opbrengs lewer. Dit stem ook ooreen met die Nasionale Ontwikkelingsplan se mikpunt om Vroeëkinderontwikkeling teen 2013 vir almal toeganklik te maak. Navorsing het ook bewys dat slegs 50% van 3-4 jariges inskakel by ’n Vroeëkinderontwikkelingsinstansie en dat net 50% van daardie programme van goeie gehalte is. Interessant genoeg bestee SA tans net tussen 1-2% van sy totale onderwysbegroting aan Vroeëkinderontwikkeling, wat beteken dat, al bewys navorsing dat dit die mees kardinale tyd is om in ’n kind se lewe in te gryp om ’n impak te kan maak, dit steeds nie ’n prioriteit vir die regering is nie.

### Hoe kan jy betrokke raak?

Ons is op soek na vrywilligers om ons te help om die leesprojek in die gemeenskappe om Stellenbosch aan te bied. Ons beoog om vanjaar ongeveer 30 nuwe Graad R-leerlinge te ondersteun en het minstens 15 vrywilligers nodig om hulle te bereik.
Die Gemeente se gebede en hul gewaardeerde geldelike bydraes bly belangrik.
Vir meer inligting skakel met

**Ruben Scheepers,**
, ruben@stellumthombo.co.za / 0723455683



Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2020-21 word met dank ontvang.

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: *BecomingKids / Masandise Studiehulp***

**Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:**
marianne@moederkerk.co.za

# Ons Stellumthombo familie

## En wat nou vorentoe?

Soos ons vorentoe gaan, is ons Stellumthombo-familie daagliks in ons gebede. Ons jaarbeplanning is heeltemal omvérgegooi, maar ons is reg vir die nuwe uitdagings. Ons besef niks gaan weer dieselfde wees nie, maar dat almal vir wie ons bedien, ons nou meer as ooit nodig gaan hê.

Ons raak al hoe meer bekommerd oor ons kinders se emosionele welstand in hierdie onseker tye en werk hard aan planne om hulle in dié verband te ondersteun.

Volg ons asseblief op ons *Facebook* bladsy, vir daaglikse aktiwiteite vir kinders, en nuus.



Die “Eerste 1000 dae”-ouergroep

**Oud en nuut by BecomingKids:**

Vanjaar het ons Stellumthombo-familie soveel gegroei en ons is so dankbaar daarvoor. Aan die begin van die jaar kon ons weer lekker begin met ons kinders in *BecomingKids* en ons Graad R-geletterdheidsprogram was goed op dreef. Ons mammas in ons “1000 dae”-program het soveel suksesse gehad: sommige het begin studeer, ander het werk gekry en een het uit ’n jarelange slegte verhouding weggebreek. Ons het nuwe mammas bygekry wat ons inspireer en opgewonde maak.

Ons het ook begin om die naskoolstelsel by Pieter Langeveldt Laerskool te ondersteun deur hul naskool-sorgpersoneel op te lei. Die naskoolsorg is aan die begin van die jaar begin met hulp en ondersteuning van die Munisipaliteit en StellSorg (voorheen Kindersorg). Twintig persone vanuit Cloetesville het die geleentheid gekry om in die skool te werk en vaardighede te leer. Die naskoolgroep het egter binne twee weke tot meer as 95 leerders elke middag gegroei. Stellumthombo het hul begin ondersteun deur opleiding te gee in daaglikse beplanning, in hoe om ’n naskool te bestuur, ouderdomsgepaste aktiwiteite, emosionele en skolastiese ondersteuning, gedragshantering, en ander belangrike aspekte. Hierdie sessie was baie lekker en ons het self so baie by die fasiliteerders geleer.

**Wat doen Stellumthombo om te help? Die stand van sake op 15 April:**

Sedert die skole vroeër gesluit is, het Stellumthombo dit aanvanklik hanteer soos ’n verlengde skoolvakansie en plaas ons lekker aktiwiteite vir ouers en hul kinders daagliks op ons *Facebook*-bladsy. Hierdie aktiwiteite is maklik om te doen en dinge kan dikwels gemaak word met goed in en om die huis. Die idee is om koste laag te hou, maar ouers die kans te gee om hul kinders op ’n kreatiewe manier besig te hou en kwaliteittyd saam met hulle deur te bring. Soos die grendeltydperk verleng is en ons agtergekom het skole gaan nie so gou weer oopmaak nie, is ons genoodsaak om ons kinders op ander maniere by te staan.

Ons gebruik tans SMS’e en *WhatsApp* om gereeld by ons ouers/versorgers en kinders “in te loer” en gee ook deur hierdie kanale akademiese en emosionele ondersteuning. Kinders kan ons nou kontak met hul vrae oor skoolwerk en ons help hulle om dit te antwoord. Ons grootste uitdaging hiermee is egter dat daar dikwels net een foon per familie of erf is, en dat hierdie ouers/versorgers en kinders dikwels nie data het nie.

Ons is egter baie dankbaar vir ons netwerkstelsel wat ons verbind met ander nie winsgewende organisasies in Stellenbosch, wat dit moontlik gemaak het om gedurende dié tydperk deur die sambreel-organisasies SCAN (Stellenbosch Civil Advocacy Network), en toe later, Stellenbosch Unite, die kwesbare families met wie ons werk, te voorsien van basiese behoeftes en kospakkies.

Ons is ook dankbaar dat die voedingsprogramme by die drie laerskole in Cloetesville op Woensdag, 8 April 2020, hervat is. Kinders wat voorheen by die skole se voedingsprogram ingeskakel het, kan nou Maandae tot Vrydae ’n wegneemete by die skool gaan haal. Die skole en vrywilligers is baie oulik met veilige afstande handhaaf en goeie higiëne-praktyke te volg. Dit is ook ’n wyse waarop kinders langs hierdie kanale toegang het tot veilige, betroubare volwassenes, indien hulle hulp sou benodig. *Arina Scheepers*



Eendag sal ons weer kan… ’n groepsessie hou



Opleiding van ouers by Laerskool Pieter Langeveld

**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za

Ria Dreyer
021 886 4729

Anna du Toit
021 855 2223

Marlene Cloete
021 887 2104

Irénée Heyns
0834618564
irenee@moederkerk.co.za

Johan van der Merwe
johan@moederkerk.co.za

MASANDISE
STUDIEHULP

# Masandise verander lewens!

**Regs**: 'n Stralende Albert Gusha speel met sy klein sussie. Albert het in die sewe jaar wat hy op Masandise se boeke is, al deur diep waters gegaan. 'n Merendeels chaotiese huislewe het onlangs uiteindelik begin verbeter, maar Albert se studies het vasgehaak tydens studente-onrus by UWK en as gevolg van sy eie inherente depressie. Onder andere is hy gedwing om aan 'n optog deel te neem waar traangas sy asma sodanig aangebring het dat hy lank hospitaal toe moes gaan. Hy het tog deurgedruk en in 2018 sy BA-graad behaal. In 2019 het hy 'n jaar se internskap by Kunstekaap in Kaapstad geniet, want drama was nog altyd sy eerste liefde. Vanjaar loop hierdie skrander student 'n onderwyskursus by die Universiteit Kaapstad. Sonder sy Masandise mentor se steun sou Albert ondergegaan het.





**Bo:** Ons het al tevore 3de jaar kollegestudent in Sakestudie, Litshepa Hlapisi, se vreugde oor sy nuwe *laptop* geplaas om die verskil te toon wat Masandise in mense se lewens maak.



**Links**: Sithembile Mbono is die eerste in sy Oos-Kaapse dorpie om 'n post-matriek kwalifikasie te kry; in Desember 2019 is die graad B Maakskaplik deur UWK aan hom toegeken. Sy mentors is trots op hom. Hier staan Sithembile in sy toga by sy baie trotse ma.



Sinoxolo Hermanus het nog elke jaar suksesvol gepresteer Sy het in 2019 haar BCom-graad by UWK behaal en loop vanjaar BComHonneurs. Omdat sy goeie beurse het, hoef Masandise slegs 'n bietjie sakgeld en verder emosionele ondersteuning te gee.

### *"Baie dankie, Ma!" Lebohang Setona gradueer en trek sy toga vir sy moeder aan*



Lebo het lank geneem om klaar te maak, maar met die aanmoedigings van sy moeder en sy Masandise mentor het hy deurgedruk en onlangs sy Diploma in Hotelbestuur behaal.

Hy skryf: "I just to want to take the opportunity to say once again many thanks for your support and belief, from day one. God is great at all times!"

Lebo werk al jare tussen sy studies by verskeie hotelle. Hy het so pas gehoor dat hy by die vyfster-hotel op die Kaapse Waterfront waar hy werk, die tweede plek as "Werknemer van die Jaar" behaal het.

**Baie dankie, Gemeente!**



## JONG SAKEVROU

# Niks kry haar onder nie!

**Masandise verander werklik lewens!** Clementine Nobela is ’n ondernemende jong dame wat in 2013 uit Hammanskraal Boland toe gekom het om haar kanse te verbeter om werk te kry terwyl sy studeer. Sy het in Kaapstad van Masandise gehoor en het Stellenbosch toe gekom, op soek na ’n bietjie hulp en baie raad . Masandise het haar gehelp met die betaal van die fooie vir verskeie rekenaarkursusse en ’n kortkurus in Sakebestuur en haar mentor het haar van raad bedien.

Clementine het as ’n nagwag by ’n fabriek begin werk, en het metteryd gevorder tot by ’n aanstelling in hulle versendingsafdeling. Steeds het sy haar verder met verskeie ander kortkursusse bekwaam en toe begin met ’n korrespondensiekursus in Logistiek, wat sy hoofsaaklik self betaal het. Tydens haar vierde jaar by die fabriek, toe sy reeds tot die tweede jaar van dié korrespondensiekursus gevorder het, het omstandighede haar egter gedwing om te bedank en na Hammanskraal terug te keer.


Sy is aangestel as die wettige voog van ’n jong niggietjie, ná haar tannie se dood, en pas haar steeds op. Clementine het vir byna twee jaar hierna gesukkel om werk in die Pretoria-omgewing te kry. Sy moes ook maar haar deeltydse studie staak, vanweë ’n gebrek aan fondse.

Masandise het haar vir ’n tydjie nog finansieel bygestaan, en haar mentor het haar (met eposse en per telefoon) steeds van raad bedien. Hoewel Clementine ’n uitstekende CV het, kon sy eenvoudig nie werk in Gauteng vind nie. Aan die einde van 2019 het sy beslui om haar eie huisverbetering-onderneming te stig, met die naam “**H-Clements Maintenance and Renovations**”. Sy tree as agent op vir ’n aantal onhafhanklike ambagslui: verwers, algemene nutsmanne, selfs tuinbouers en mense wat ruite insit.

Die opleiding wat Clementine deur die jare met ondersteuning van Masandise ontvang het, het hierdie ondernemende jong sakevrou in staat gestel om ’n eie saak op die been te bring waarmee sy haar jong niggie en haarself kan onderhou. Tans staan hierdie onderneming, soos soveel ander, egter weens die grendelstaat stil, maar as dié inperking verslap word, sal sy en haar span nutsmanne hopelik weer daarvoor reg wees.

Vra jou vriende in Gauteng om vir Clementine te bel vir enige handearbeid wat hulle verrig wil hê: **0731380374**, of besoek haar webblad by :

https://hclements.business.site/ of: https://m.facebook.com/pages/category/Education/H.clementstoys/about/




**Bo**: Clementine ontvang ‘n sertifikaat nadat sy ‘n kortkursus in sakebestuur voltooi het. **Insetsel**: die mooi logo van haar “H Clements”- agentskap

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## WAAROM IS 1 *KOR* 13 SO BELANGRIK?




Wat het die woorde *liefde*, *deernis*, *dank, guns* en *genade* in gemeen? Al vyf word in Grieks deur dieselfde woord, χάρις (uitgespreek *garis*), uitgedruk. Verwant hieraan is die Latynse woord *caritas,* met as eerste betekenis, “duur prys”, maar ook, in Laatlatyn, “liefde”. In die tyd van die Nuwe Testament het hierdie tweede betekenis begin oorneem, maar dit was ’n spesiale soort liefde: *liefde wat omgee,* soos in *I Kor* 13 uitgespel.

In die Grieks-Romeinse wêreld moes die armes maar sien kom klaar, maar die Christene het hul al hoe meer van die heidene begin onderskei deur hulle besonderse uitoefening van die soort *caritas* wat hongeriges gevoed het, en omgesien het na weduwees en wese.

Die Nuwe Testament is deurspek van vermanings om ’n praktiese “omgee-liefde” uit te leef, in navolging van Jesus se dade en woorde. Christene het anders opgetree as hulle heidense landgenote, wat tog opgelet het hoe Christene dié liefde beoefen.

Danksy Paulus se sendingreise het al hoe meer Romeine ook met God se *genade* deur Jesus Christus kennis gemaak en ook Sy *guns* teenoor ander uitgeleef, wat dit met *dank* ontvang het. Vandaar die Laatlatyn se oorheersende betekenis van *caritas* as “liefdadigheid”.

Tog is hierdie liefdesdaad mettertyd dikwels gesien as ’n kille plig, wat vir jou ’n plekkie in die Hemel moes “koop”. Vandaar die Engelse uitdrukking, “As cold as charity”—’n vrygewigheid wat liefdeloos geskied.

Die illustrasie hiernaas is ’n greep uit Pieter Breughel se gravuur, “*Caritas”* (1559). Dit beeld ’n welgestelde man uit, met deftige klere aan, wat aan ’n uitgehongerde skare mense ronde brode uitdeel.

In die huidige grendeltyd het die sigbare, uitmergelende honger wat deur ’n nuwe, vergrote werkloosheid meegebring is, ons almal ontroer. *Maar dit is nie werklik nuut nie*: armoede en werkloosheid is lankal reeds ’n wesentlike probleem in Suid-Afrika, soos in ander Afrikalande.

Hierdie gaping tussen ryk en arm, diegene met werk en dié daarsonder, is veral skreiend opmerklik op Stellenbosch. Dit is reeds jare gelede opgemerk deur die stigters van Voedingsaksie, wat nou éérs baie belangrik geword het. Die verskillende liefdadigheisaksies (“*charities”)* op Stellenbosch het onlangs saamgespan om **Stellenbosch Unite** te vorm, wat omsien na die hongeriges in ons samelewing. *Het jy al iets bygedra?*

*Webblad:* https://stellenboschunite.org/
*Sien ook:* https://www.facebook.com/StellenboschUnite/

SINCE 1994 STELLENBOSCH
FEEDING IN ACTION
VOEDINGSAKSIE

Vir ’n Belastingafslag-vorm, epos bewys van betaling aan:
Liesel Koen (Projekbestuurder)
voedingsaksie@telkomsa.net

KRUISKERK-STUDENTE SE BELEWENIS

# Aanlyn-klasse in die tyd van Covid-19

Die koronavirus het die gesig van Stellenbosch Universiteit byna oornag ingrypend verander. Die ikoniese plataanlaning van Victoriastraat wat eens vol klas-drawwende student was, is doodstil; koshuisvensters is dolleeg; herfsblare waai op die verlate Rooiplein rond; en selfs Kruiskerk se hekkie staan toe. Die studente is nie op kampus nie. Hierdie afwesigheid beteken egter nie dat hulle nie aan die studeer is nie. Op 20 April 2020 het die universiteit hulle eerste aanlyn-klasse (of e-klasse) geloods. 'n Paar Kruiskerk-studente het hul ervarings van hierdie nuwe manier van leer met ons gedeel.

*Angelique Havenga*



As student wie se arm maklik gedraai word om 'n klas te mis en eerder ander lekker dinge in en om Stellenbosch te doen, en dus gewoond is om klasse self in te haal, is die aanlyn-klas eintlik heel gerieflik, met ekstra notas, video-verduidelikings, ensovoorts. Die aanpassing vir my is eerder om dit nou alleen aan te pak en nie my studente-gemeenskap te hê wat ondersteun en saam dinge aanpak nie." **Emile Pëtersen**



"Die aanlyn-klasse is beide baie gerieflik én baie ongerieflik. Ek kan teen my eie pas werk, in my eie tyd, maar tegnologie het altyd sy uitdagings en ek mis tog die interaksie in die klas."
**Christine Venter, Teologie BDiv IV**



"Ek het reeds, voor klas amptelik begin het, so hier en daar bietjie gewerk. So, teen die tyd wat ek met aanlyn-klas begin het, het ek al 'n lekker roetine gehad. Ek geniet die aanlyn-klasse baie! Die lesings is wel bietjie korter en 'n mens mis dit om in die klas saam met medestudente te sit, maar my werk is op datum en terselfdertyd het ek die geleentheid om kosbare oomblikke met my gesin te deel." **Elzaan Victor, BA Geesteswetenskappe I**



*Gemeenteblad* bied ons beste wense aan al die studente, vir 'n suksesvolle jaar!

"Hulle sê mense met selfdissipline is hardwerkend... maar vir 'n ADHD-skepsel wat op 'n plaas wat aan die see grens, bly, vind ek die vryheid van 'n aanlyn-stelsel baie uitdagend."
**Manie Du Toit, BIng Megatronies IV**



"Op dié stadium hoef ek nie baie van die aanlyn-geriewe gebruik te maak nie, maar uit ervaring met 'n groepstaak het ek agtergekom dat 'online-learning' sy uitdagings het. Vanuit gesprekke met vriende lei ek af dat daar voorsiening gemaak word om hierdie uitdagings te minimaliseer en die studentegemeenskap aan die gang te hou."
**Annamari Booyens, Teologie, BDiv III**



"Die nuwe aanlyn-klasse is 'n uitdaging, maar met uitdagings kom daar geleenthede. Ek sien hierdie tyd as 'n geleentheid om steeds my akademiese jaar te kan voortsit en, danksy tegnologie kan ons steeds met medestudente in kontak bly. Daarby gesê, ervaar ek ook in hierdie nuwe fase die opregte ondersteuning van die Universiteit."
**JP Laubscher, B.Com BestuursRek III**

GESKIEDENIS EN LETTERKUNDE

## Peste en plae van die verlede

Deur die eeue het die mensdom heelwat gevalle van pessiektes ervaar. Die Bybelse "Tien Plae" wat die Egiptenare ongeveer 13 eeue voor Christus geteister het, was egter nie tipies nie. Ander vertellings beskryf siekte-epidemies wat verskillende wêrelddele geteister het en wat die dood van baie tot gevolg gehad het.

In die sesde eeu vC was daar 'n oorlog op die Griekse vasteland. Die oorheersende stadstaat Athene was in 'n dertigjaarlange stryd met die geharde Spartane gewikkel. Die oorlog word deur die Griekse historikus Thoekudides beskryf. In dié tyd het 'n ernstige, aansteeklike siekte die Atheense geledere afgemaai. Selfs hulle leier, Perikles, is dood en hulle moes maar die Spartane bes gee.

Die Italiaanse skrywer Giovanni Boccaccio het die voorkoms van 'n Swart Dood-plaag in 1348 as die agtergrond vir sy versameling redelik gewaagde erotiese verhale, die *Decameron*, gebruik, wat vertel hoe 'n groep mense hulle uit Florence na die platteland onttrek het, en hulle grendeltyd met storievertellery verwyl het.

In die Engelse letterkunde bied Daniel Defoe se *Diary of the plague year* die beste uitbeelding van die verspreiding van 'n epidemie binne 'n groot stad. Hy skryf sowat dertig jaar na die Swart Dood-plaag binne London (1664-5) asof hy ooggetuie was, maar in werklikheid is sy verhaal fiktief. Hy het egter 'n reeks historiese bronne gebruik: lyste van sterfgevalle per gemeente in die kerke van London, beskrywings deur 'n oom van hom, mediese verslae, amptelike afsonderingsreëls. Opvallend is die ooreenkoms met die huidige pandemie-krisis: mense se histeriese vrese, wolhaarstories, kwaksalwery, 'n groeiende dodetal, skielik leë strate en 'n geleidelike verspreiding van die siekte dwarsoor London, wyk vir wyk, of, soos Defoe dit uitdruk, kerk vir kerk. Dié wat kon, het uit die stad gevlug, maar die verteller het gebly om sy handelaarbesigheid te beskerm.

Die siekte het meer as 'n jaar geneem om uit te woed, en is in 1666 die finale knou toegedien deur die groot brand wat 'n baie groot deel van die stad platgelê het. Die Swart Dood het byna terselfdertyd in 'n groot deel van Europa gewoed en 'n Franse dokter het toe vir die eerste keer 'n mediese masker ontwerp. Die neusgedeelte het soos 'n voël se snawel gelyk en is met welriekende kruie gevul om die stank van dooie liggame draagliker te maak.

Die Franse skrywer Albert Camus skryf oor die 1941 epidemie in Oran op die Algeriese kus. Sy boek, *La Peste,* vertel onderhoudend oor hoe die eerste teken van die siekte rotte was, wat in hulle honderde in die strate dood gelê het. Mettertyd vat die siekte onder mense pos. Camus se uitbeelding van sterwendes se doodsangs word uiteindelik 'n metafoor vir die mens se onvermoë om sy eie lewenslot te bepaal, sowel as die angs meegebring deur die tweede wêreld-oorlog, wat ook mense se bestaan bedreig het.

En dan is daar die oorspronklik Spaanse boek van Gabriel Garcia Marquez, *El amor en los tiepe del cólera* (1985), in 1986 in Nederlands vertaal en in 1988 in Engels (as *Love in the time of cholera*). Dit speel in 'n denkbeeldige Suid-Amerikaanse stad tussen 1880 en 1930 af en vertel die lewensverhaal van twee verliefdes wat eers na baie jare op hul oudag trou, nadat die heldin se eerste man, 'n mediese dokter wat hom op die uitwissing van dié gevreesde pessiekte toegespits het, dood is. Hier dien die siekte in 'n groot mate as metafoor vir verliefdheid en sy gevolge. Marques het glo self gewaarsku teen 'n té simplistiese interpretasie hiervan. *JMC*

“ONS VOEL BEDREIG”

# Hoe besweer ’n mens vrees en angs?

Die Covid-19 pandemie maak op verskillende wyses vrese by mense wakker, wat in baie gevalle uitspeel in angs. Kinders hoor hulle ouers praat en begin wonder, *sê nou net my Pa of Ma kry dit en een van hulle gaan dood? Sê nou ek kry dit? Mense sê jou longe word aangetas en dat die kanse goed is dat jou longkapasiteit permanente skade sal kry . . .* Dan praat ons nie eers van mense wat hulle eie besighede het, salarisse en huur moet betaal terwyl daar geen inkomste is nie. Dit is behoorlik iets om jou angs te laat ervaar.

Die onsigbare virus is nou die voor-die-hand-liggendste stressor vir angs, maar onder normale omstandighede is daar ’n hele klomp goed wat by mense angs kan veroorsaak:

- Om voor mense te praat
- Om *alleen* te wees; óf om in ’n groot groep mense te wees
- Eksamens / werkstukke / toetse
- Om op die veld as deel van ’n spansport te draf
- Vrees vir verskillende vorme van verlies

### Wat doen ons gewoonlik met ons vrese of angs?

Mense reageer gewoonlik op een van drie maniere: *veg, vlug* of *vries.* Wanneer angs as gevolg van een van bogenoemde faktore opdaag, reageer die meeste mense deur daarmee te baklei, met ander mense daaroor te stoei of innerlik in opstand te kom. Ander hardloop weg, probeer dit vermy of gaan in ’n staat van ontkenning en probeer dit só uit hulle koppe kry. ’n Derde groep word weer verlam, gaan in ’n toestand van “stil stuipe” in en ervaar ’n totale afgestomptheid.

### Lukas 22:39-54

In bostaande teksgedeelte kry ons Jesus en sy dissipels in Getsemane en sien hoe angs en verskillende van die reaksies hierbo genoem, daarop uitspeel. Die Griekse woord vir *angs* wat hier gebruik word is ’αγωνία (*agônia*). Die oorsprong van hierdie is ’n woord wat *kompetisie, stryd* of *worsteling* beteken (soos in die term “sielestryd,” wat ’n ernstige sielkundige worsteling aandui. **Red.**)

Dit my laat wonder oor die diep-liggende oorsake van angs. Ons normaal-weg gedréwe samelewing, met ons fokus op “uitkomste” en onderlinge kompetisie, is beslis een van die groot oorsake van angs – veral onder ons skoolgaande jeug.

Interessant in hierdie teks is dat ’n engel vir Jesus in sy uur van angs kom versterk. *Engel* is in die oorspronklike Grieks *boodskapper* (’άγγελος) – ook ’n betekenisvolle woord. Vir my kom sê dit: “*Moenie te vinnig probeer wegkom van angs nie. Vra eerder of dit wat in my gemoed en liggaam gebeur, nie dalk ’n boodskap dra nie.”*



### Hoe dan gemaak met ons angs?

- *Aanvaarding* is die eerste tree om oor ons angs te kom. In plaas daarvan om reaktief te wees en om te *veg*, *vlug* of *vries*, help dit om te probeer agterkom wát jou angstig maak en doelbewus daarnatoe te draai. Om dit in die oë te kyk en te erken, is ’n stap in die regte rigting.
- Omdat ons geneig is om “in ons koppe te leef”, maak ons dikwels stories op oor onsself, oor ander, of oor dit wat ons angstig maak. Dit sal help om die fokus van ons gedagtes te skuif na daar waar ons die angs in ons lywe voel. Dit sal ons in die oomblik anker en help om sielkundig teenwoordig te wees.
- Wanneer ons die sensasie in ons lyf mooi agtergekom het, help stadige, ritmiese *asemhaling* ons verder om “in die oomblik” te bly. *Stadige asemhaling* verlaag ook ons hartklop, verminder ons bloeddruk en gevolglik bring dit kalmte in ons lyf en ons gemoed.

*Maar, meer belangrik: Indien jy of jou kinders sukkel om van angs ontslae te raak, kry professionele hulp!*

*Jan van Zyl*

**Andre Kilian is Moederkerk se pastorale sielkundige . Skakel hom by 0823201784 as jy of jou kind angs ervaar**

EDVARD MUNCH SE BEROEMDE SKILDERY

## *Skreeu* hy of *skrik* hy?

Die Noorweegse kunstenaar Edvard Munch het altesaam vyf weergawes van bostaande skildery geskep, twee in olie en tempera op karton (die eerste in 1893, die laaste in 1910), twee in pastelkryt op karton en ’n litografiese plaat waarvan daar sowat 45 eksemplare afgedruk is, waarvan hy ook sommiges met die hand ingekleur het.

In teenstelling met die algemeen mening daaroor, beeld Munch nie ’n *skreeuende* figuur nie, maar die figuur *skrik* vir ’n harde geluid. Munch het self vertel dat hy en twee vriende op ’n bult by ’n fjord naby die stad Oslo gestap het, toe die hemelruim opeens met ’n besonderse sonsondergang tot helderrooi verkleur het.

Dit was vir die sensitiewe kunstenaar asof die ganse natuur hardop skreeu; so sterk was hierdie gewaarwording dat hy hom vebeel het dat hy hierdie “kreet” werklik hoor.

Die oorspronklike Noorweegse naam vir sy skildery is ’n enkele woord, *Skrik,* presies soos op Afrikaans. Op Duits het Munch dit ’n meer beskrywende titel gegee: *Der Schrei der Natur,* oftewel “Die Natuur se gil”.

Kenners bespiegel dat, benewens die ontroering wat ’n besonderse natuurtoneel in die mens se gemoed kan oproep, die kunstenaar ook besonder bekommerd en aangedaan was vanweë die feit dat sy suster onlangs in ’n nabygeleë inrigting vir mense met geestelike versteurings opgeneem is. Hy het self vertel hy was verward en bekommerd.

Beide die olieverfweergawes is al deur die jare gesteel, die mees onlangse in 2004. Albei is mettertyd teruggevind, maar nie sonder ’n mate van beskadiging nie.

Een van die pastelweergawes van *Skrik* is in 2012 vir ’n bedrag van byna $120 000 000 verkoop, die hoogste prys wat ’n skildery al ooit gehaal het.

’n Mens kan bespiegel oor die vraag: het die natuur nie miskien tóé al so geskreeu oor al die lugbesoedeling en gevolglike aardverwarming nie? En help die wêreldwye grendeltyd ons nie tans om die balans te herstel nie?

*Jo-Marie Claassen*




**SATERDAG, 7 MAART 2020**

# Ilana Kilian onthou al die pret

Vroegoggend op Neethlingshof is daar baie hande om tafels reg te skuif, gazebo's op te slaan, vure te laat brand, vetkoekdeeg uit te rol en die koffiewater te laat deurdrup. Gevestigde lidmate, jong kinders, ywerige studente, gereelde helpers en nuwe gesigte verras ons dié oggend met groot opgewondenheid om die jaarlikse Kuierfees aan die gang te kry.

Mense kom kuier rondom tafels onder die groot ou bome en ander kom durf die berg aan met die 5km pretdraf of die meer uitdagende 10km sweetbulte. Maar die beloning van heerlike kos en yskoue Neethlingshofwyne maak die uitdaging vir seker die moeite werd.

Stalletjies se geure lei jou tot by die advertensie van heerlike kos: vetkoeke met kerriemaalvleis of die gewilde kerrie en rys, lekker soet pannekoeke, worsbroodjies met tuisgemaakte tamatiesmoor, pasteie en samoesas en ai, die altyd-teenwoordige basaarpoedings met 'n lekker koppie koffie. Dan swig jy maar en koop te veel kaartjies by Marianne en ondersteun elke versoeking. Dan, bo alles, is daar nog die groot verskeidenheid op die koektafel en 'n nuwe toevoeging vanjaar: vars groente en vrugte teen ongelooflike pryse!

Chippie maak ook sy verskyning met die *Toddler Dash* en daar is heerlike vermaak vir al die kinders by die springkasteel, skuimmasjien, gesigverf en 'n smullekker snoepie. Daar is ook jong entrepreneurs wat hulle eie handgemaakte produkte verkoop.

Ten spyte daarvan dat ons met beide die Woordfees en die Argus fietstoer moes meeding, het almal wat die Kuierfees meegemaak het, 'n gemeenskap ervaar van saam-kuier, saam-wees, saam-ondersteun, saam-smul, saam-lag en sommer net 'n lekker sáám-Kuierfees!

**GROOT DANKIES**: ons is elke jaar verstom oor al die donasies wat ons ontvang, hetsy in die vorm van finansies, handearbeid, vervoer, raad en sommer net dáár wees. *BITTER BAIE DANKIE!*











Die foto's op bl 12 en die boonste vier foto's hierbo is deur Ilana Kilian en die onderste twee en dié op bl 20 deur Piet Claassen geneem.



Sien nog kinderpret by die skuimfontein op bladsy 20



GRENDELTYD IN DIE AFTREE-OORDE

# Hoe hanteer afgetredenes die krisis?

Die afgelope honderd jaar het Suid-Afrika ’n hele paar tydperke van benoudheid beleef. Ek verwys na die tye waarin ’n hele bevolking, nasionaal en internasionaal, se bestaan ontwrig en bedreig is.

Daar was die groot Depressie van Augustus 1929 tot Maart 1933 en daarna die Tweede Wêreldoorlog van 1939 tot 1945. Min van ons sal enigsins iets van die Depressie kan onthou, miskien net dat ons ouers oor die moeilike tye gesels het en dat almal eintlik relatief arm was.

Daar is egter meer van ons lidmate wat eie ervaringe en stories oor die Tweede Wêreldoorlog sou kon vertel. Mnr Barnie Barnard was jare lank ’n inwoner van Utopia en is ’n paar jaar gelede oorlede. Hy het as negentienjarige man by die Britse lugmag aangesluit en teen 1944/45 was hy ’n bombardier in ’n “*Flying Fortress*” wat veral in daglig bomaanvalle oor Duitse vestings in Italië moes uitvoer. Vir die res van sy lewe, selfs toe ek hom in Utopia leer ken het, moes hy elke nag steeds deur die nagmerries van die lawaai en geluide wat konstant in so ’n vliegtuig raas, gaan. Hy was elke nag papnat gesweet.

Maggie Pepler het weer vertel van haar oorlede man wat in die Suid-Afrikaanse Leër tydens die veldslae in Noord-Afrika diens gedoen het. Sy werk was om ná ’n skermutseling die soldate se lyke of liggaamsdele te versorg. Dit het lewenslank letsels gelaat. Hopelik het die meeste Suid-Afrikaners wat daardie tye beleef het, net die herinnering van voedselkoepons, brandstofskaarste en politieke twiste tussen die Natte en die Sappe.

In die negentien-sestigs het ons ’n erge droogte beleef. FA Venter skryf ’n roman, *Die Rentmeesters*, daaroor. Helaas, die enigste ontwrigting vir ’n stadskind soos ek, was dat daar nie meer *witmieliemeel* te koop was nie. Ons mieliepap was nou *geel*. Ons lewe en die funksionering daarvan het min of meer normaal voortgegaan.

In die laat negentien-sewentigs het die wêreldwye oliekrisis ontstaan. Brandstof is gerantsoeneer en ons het beperkinge gehad op die tye waarop ons per motor kon beweeg. Regeringsministers moes skielik in klein Mazdas rondry. Dit het nie lank geduur nie. In 2008 was daar weer ’n internasionale finansiële krisis, maar vir baie mense het dit geen direkte ervarings of ontberings ingehou nie.

In Maart vanjaar tref iets, amper uit die bloute, ons almal en word dit ’n intense gemeenskaplike en persoonlike ervaring. Ons word gegrendel, afgesluit, ingeperk. “*Made in China*” is skielik nie meer ’n goedkoper handelsproduk nie, maar ’n virus wat daar ontstaan en oor die hele wêreld versprei. Almal praat daaroor, beleef dit.

In Moedergemeente het ons gelukkig die kundigheid en vermoëns om ’n alternatief te bied vir wat ons verloor wat betref ons gemeentelike byeenkomste en ander aktiwiteite. Daaglikse meditasies en weeklikse eredienste is in ons handpalm of in ons leefkamer. **Maar... dit is slegs die geval mits ons oor die nodige tegnologie beskik.**

Aftree-oorde is méér as ons huise gegrendel. Die inwoners moet op die oord se gronde bly en mag nie die persele verlaat vir inkopies of iets dergeliks nie. Hulle kontak met familie, vriende en mede-gemeentelede is deur middel van telefoonoproepe of teksboodskappe. Heelwat inwoners het gelukkig ook slimfone en rekenaars en kan dus in hierdie tyd op Moedergemeente se aanbiedinge inskakel.

Azaleahof het gelukkig ook vir dominee John Murray as inwoner. Hy het ingespring met huisgodsdiens en klein eredienste. Daar is egter, veral in Utopia, inwoners wat nog nie soveel toegang tot tegnologie het nie en selfs ons uitsendings misloop. Moederkerk het Sondae ons dienste op TV uitgesaai, maar sedert die opnames in die onderskeie predikante se huise opgeneem moes word, moes hierdie manier van doen ook verander.

Wanneer hierdie inperkingstydperk verby is en die lewe stelselmatig soos voorheen begin word, is daar ’n geleentheid om te besin oor hoe ons inwoners ook beter tegnologies ingeskakel kan word. Ouer slimfone kan geskenk word, studente kan inwoners bevriend en tegnologie-konsultante word en wys hoe al die toepassings benut en getem kan word.


Hierdie tydperk het ontwrigting gebring soos nog nooit tevore in die afgelope 100 jaar nie, maar ons gaan anders en beter daaruit kom. Ons gaan “omgee” ’n tegnologiese kleur gee.

Ten slotte: kom ons maak ’n punt daarvan om van “*inwoners*” of “*afgetredenes*” te praat in plaas van “ou mensies”, “ou mense” of “grysgeslag”. Dis neerbuigend en kwetsend, al word dit nie so bedoel nie. Menswaardigheid is die belangrikste sekondêre mensereg wat almal die langste wil behou, selfs as die ouderdom hulle van soveel ander dinge gestroop het.

*Wynand Nel*

FLIEKRESENSIE

## *The Two Popes*




In 2013 word Pous Benediktus XVI die eerste pous in byna 600 jaar wat vóór sy dood aftree. Hy word dus emeritus pous. Hierdie ongewone gebeurtenis het die weg vir die verkiesing van die huidige pous, Pous Franciskus, gebaan – die eerste pous vanuit die Suidelike Halfrond. Hy word dikwels as die teenpool van sy voorganger beskryf, veral vanweë sy sterk klem op sosiale geregtigheid.

Hierdie aangrypende film vertel die verhaal van die ontmoeting wat in 2012 tussen hierdie twee kerkleiers in die Vatikaanstad plaasgevind het, net voordat Pous Benediktus XVI, oftewel Joseph Ratzinger, bedank het. In die loop van die fliek sien ons hoedat die twee karakters mekaar, en ook elk homself deur die ander, beter leer ken en sodoende opnuut ontmoetings met God het. Veral aangrypend is die terugflitse uit Pous Franciskus (toe nog Kardinaal Bergoglio) se vroeëre lewe, wat die kompleksiteite van die Katolieke Kerk in Argentinië tydens die Argentynse rewolusie weergee.

Dis ’n verhaal van eerlikheid, belydenis, voortgesette soeke na God se wil en ’n onwaarskynlike vriendskap wat deur ’n liefde vir musiek en sokker tussen die twee pouse gesmee word. Met meesterlike spel van beide die hoof-akteurs (Anthony Hopkins en Jonathan Pryce), aanskoulike kinematografie, en ’n meesleurende klankbaan van beide klassieke musiek en ’n Argentynse tango of twee, nooi hierdie film jou uit om as’t ware self die binnekamers van die Vatikaan te betree. *The Two Popes,* wat tans op Netflix beskikbaar is, word daarom ten sterkste aanbeveel as stimulerende kykstof vir hierdie grendel-tydperk.

*Angelique Havenga*

STOEPSTORIES

# Wat het van die drukkies geword?

Ons as oumas in ouetehuise is liefdevolle mense. Ons druk mekaar graag. Veral as ons iemand wil troos. Ons druk mekaar ook as gelukwensing met verjaarsdae, of as daar iets is om te vier. Laasgenoemde gaan gewoonlik gepaard met die klink van ŉ glasie wyn.

Maar nou is drukkies verbied. ŉ Gepaste afstand te alle tye is nou die wet. Niemand, selfs nie ons kinders nie, word binne die hek toegelaat nie, laat staan nog gedruk. Dis baie moeilik. Drukkies is deel van ons menswees. ŉ Drukkie sê meer as woorde.

Hoe beleef ons hier in Utopia die inperking?

Ons pas aan. Daaglikse stappies in Die Laan word stappies óm die Moederkerk en parkeerterrein. Alle pakkies word buite die hek afgelewer, ontvang deur ŉ personeellid met ŉ masker en handskoene aan en alles word met militêre presiesheid ontsmet voordat ons dit in die huis ontvang.

Ek pols vir Erica, hulpverpleegster: "Wat doen julle met die skoolkinders tuis, terwyl julle werk?"

"Ag, Mevrou, die inperking is nodig en ons het maar altyd iemand wat kan kom help as dit nodig is. Ons help mos maar almal mekaar."

Aan tafel vra ek vir Isabelle: "Hoe voel jy oor die inperking? Is jy bly of jammer?" (Dit was net voor ons eie inperking op 23 Maart.)

"Bly, natuurlik!" antwoord sy met drif. "My dogter van een-en-twintig was op ŉ ski-vakansie in Amerika en is vandag in New York. Sy het so pas besluit sy kom dadelik huis toe!" A! Die kuiken kom betyds terug na die nes. (Amerika sou eers later ingeperk word.)

Marilda is egter in sak en as. Haar geliefde dogter, Liska, het verlede jaar ŉ wonderlike werksaanbod in Mauritius aanvaar. Sonder haar voel Marilda verlore. In Januarie vanjaar kon sy egter vir ŉ onvergeetlike twee maande gaan kuier.

In Maart is die vliegtuigplek weer bespreek en die kaartjie gekoop, toe die bom hier bars. Skielik val alles deur die mat en sy moet tuisbly, ingeperk. Sy sou haar verjaarsdag, haar 75ste, op 8 April by Liska vier. "Dis die eerste verjaarsdag óóit sonder haar." Met oorskiet-Kersfeeskoek verras ons haar met ŉ partytjie. Na ŉ tweede verrassingspartytjie, deur Amanda in die tuin, voel sy heelwat beter.

Ons vier op Goeie Vrydag die nagmaal met ŉ video van die diens op ons TV-skerm en drink water in plaas van wyn, en dis ook goed so.

*Wat ons egter die meeste mis, is die drukkies.*

*Eudore Allers*



Mariska, regs, en haar dogter Liska, links

'n KERK MAAK 'n PLAN

# Kuber-Kleingroepe



Die Covid19-pandemie wat tans wêreldwyd woed, daag die lewe van die kerkgemeenskap uit omdat ons nie meer fisies bymekaar kan kom nie. Hierdie maatreël, wat ingestel is om die verspreiding van die virus te voorkom, kan met die eerste oogopslag dalk geïnterpreteer word as 'n staking van alle kleingroepaktiwiteite, maar gelukkig word die omgee in kleingroepe nie sommer so maklik gestuit nie! Sedert die opdrag van president Cyril Ramaphosa aan Suid-Afrikaners om vir 21 dae (wat later na 35 dae verleng is) 'n grendelstaat te handhaaf, het kleingroepsamekomste na die kuberruim beweeg en die volgende uitdrukkings van gasvryheid, gemeenskap en sorg is die gevolg:

1. Kleingroepe kom op virtuele wyse deur middel van aanlynplatforms soos *Skype*, *Google Houseparty* en *Zoom* bymekaar. *Zoom* is veral gewild omdat hierdie platform dit vir tot 100 mense moontlik maak om gelyktydig deur middel van oudio én video in gesprek te wees. Vir meer inligting oor die wyse van samekoms en om jou eie gratis profiel te skep, besoek gerus *Zoom* se webtuiste by zoom.us.
2. *WhatsApp*-video-oproepe maak dit ook moontlik vir groepe van vier om via video en oudio met mekaar te gesels, en so word kleiner aanlyn-samekomste gehou. *WhatsApp*-groepe kom ook in hierdie tyd veral tot hul reg en hierdie groepe, wat op die sosiale media platform *WhatsApp* geskep kan word, word 'n ruimte waarbinne gesprek gevoer word, gebedsversoeke meegedeel word en waarbinne die lede van die kleingroep hul ervarings deel. Vir meer inligting oor *WhatsApp*, gaan na whatsapp.com.
3. Telefoonoproepe en SMS'e is ook belangrik en kleingroeplede word aangemoedig om mekaar in hierdie tyd te bel of om 'n kort boodskap te stuur.



Hierdie kommunikasiekanale maak dit vir ons moontlik om steeds, as Liggaam van Christus, mekaar te ondersteun, terwyl ons vir die wyle 'n fisiese afstand moet handhaaf.

*Angelique Havenga*



# OORLOG EN VREDE

## DIE VOLKE SAL VAN HULLE SWAARDE PLOEGSKARE SMEE

***Jesaja* 2:4:**

*[die volke] … sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeimesse. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer mense leer om oorlog te maak nie.*

Die bronsbeeld*: "Let Us Beat Our Swords into Plough-shares",* is gemaak deur die Sowjet kunstenaar, Evgeniy Victorovich Vuchetich, en deur die regering van Sowjet-Rusland op 4 Desember 1959 aan die Verenigde Nasies geskenk.

Bron*: Jean and Alexander Heard Library, Google, 26-12-2015.*

**BOEKRESENSIE**







Die profeet Jesaja het 2 800 jaar gelede gepleit dat mense moet ophou om wapens te maak en moet ophou om mense op te lei om oorlog te maak (*Jesaja* 2:4). Willie Esterhuyse sluit by Jesaja aan met sy jongste boek: "*Oorlog en Vrede*".

Willie baseer sy pleidooi op deeglike navorsing, met verwysing na 264 verskillende bronne. Hy bestudeer die mens se benadering tot oorlog en tot vrede oor 'n tydperk van vyfduisend jaar.

In sy proloog ondersoek hy die vraag: "Is die mens van nature gewelddadig?" Daarna analiseer hy oorloë, of, soos hy dit noem: "Georganiseerde dodelike geweld", van die vroegste tye af, tot vandag toe. Sewe hoofstukke lig die genadelose geweld en wreedheid van oorlog uit.

In sy epiloog, "Die mens: geweldenaar én vredesmakelaar", kom Willie dan tot die gevolgtrekking:. "Die mens is onverbiddelik vasgegordel in 'n dialektiek tussen die uiterstes van oorlog en vrede, geweld en orde, wreedheid en menslikheid." Hy vra dan vrae oor wat ons moet doen om die situasie te verander. Sy finale gevolgtrekking is: "Wat nog te kort skiet, is 'n uiters vredesgeoriënteerde morele verbeelding."


"Oorlog en Vrede" is 'n "moet lees" boek vir enigiemand wat belangstel om 'n meer vreedsame wêreld te help skep. Soos ek dit waarneem, ontbreek daardie "vredesgeoriënteerde verbeelding" nog heeltemal by die meeste van ons.

Byvoorbeeld: Suid-Afrika, 'n arm land sonder vyande, het honderde miljarde Rande gemors op nuttelose wapens soos duikbote, fregatte en vegvliegtuie; Stellenbosch Universiteit het 'n Fakulteit Krygskunde. Hoekom?

Hopelik sal Willie se boek, saam met Jesaja se versugtinge en Paulus se oproep: "*Die vrug van die Gees is … vrede … en selfbeheersing*" (*Galasiërs* 5:22), begin om 'n meer vredesgeoriënteerde wêreld te skep.

Piet Claassen

© Willie Esterhuyse, 2019. Eerste uitgawe: © Naledi Augustus 2019



## GESINSWAARDES

# Wat leer gelowige ouers hulle kinders?

*Ons het vir Yvonne de Beer gevra hoe sy en haar man, Wessel, hulle rol as jong, werkende, gelowige ouers sien.*

Die tempo van ons lewe is vinnig. Dit begin vroegoggend; almal trek weg in verskillende ratte. Ons jongste is dadelik in derde rat teen topspoed gereed vir die dag. Ons oudste word wakker in tru-rat en ek en Wessel probeer nog die eerste rat vind, na ’n koppie koffie. Gesinsdinamiek is ingewikkeld.

Gooi nou die grendeltydperk in en jy kry ’n lekker stoompot! Ek en Wessel is gelukkig genoeg om van die huis af te kan werk . Ons het egter gou-gou besef dat werk in hierdie tydperk soms maar ’n tweede of derde sitplek moet inneem. Ons kinders is al heel onafhanklik en kan hulleself besig hou, maar as dit vir langer as 30 minute stil raak, begin ons soek: waar lê die moeilikheid?

Ons het besluit om ’n skedule op te stel. Die skedule help ons om ’n roetine te handhaaf wat insluit skoonmaak, oefen, speeltyd, leertyd en alleentyd. Dit gee struktuur aan ons dag en dit help ons ook om seker te maak ons verdeel ons aandag regverdig tussen aktiwiteite met die kinders, met mekaar en ons werk. Die kinders het ook elke middag skermtyd vanaf 14h00-16h00, waar hulle mag besluit of hulle wil fliek kyk, of op hulle *i-pads* speel. Hulle gaan saans gewone tyd slaap, sodat ons twee in die aande by mekaar kan uitkom. Die kinders weet dit is pappa en mamma se kuiertyd.

Alhoewel grendeltyd ons baie inperk en ons en die kinders ons vriende mis, hoop ek ons kan daarna terugkyk as van die beste kwaliteit-gesinstyd wat ons kon hê.

Ek glo nie daar is één, “regte” resep vir ’n gelukkige huwelik en gesin nie. Ek glo ook nie mens maak een “regte” besluit en die res val van daar af in plek nie. Ons word voortdurend met uitdagings gekonfronteer, hetsy dit werksbesluite, gesinsbesluite of verhoudingsbesluite is.



Die rol wat ons as gelowige ouers in ons jong kinders se lewens speel, is op hierdie stadium veel groter as byvoorbeeld dié van die Kerk. Dit is óns wat hulle blootstel aan dissipelskap. Dit wat óns doen, bepaal wat húlle gaan doen. Vir ons is dit belangrik dat ons kinders bewus is van wat God in die wêreld DEUR ons, sy dissipels, doen. Ons is normaalweg aktief by ’n kleingroep betrokke en dan kom ons kinders saam. Hulle is onder gewone omstandighede betrokke by ons projekte en is bewus daarvan dat daar ’n wêreld van nood bestaan. Hierdeur probeer ons hulle leer dat Jesus DEUR mense ’n verskil maak en dat ons, deur diensbaar te wees, probleme aktief kan aanspreek. Ons kinders se wêrelde is so groot soos dit waaraan ons hulle op hierdie stadium blootstel. Dit is ’n groot, gróót verantwoordelikheid wat op ons, as ouers, se skouers rus.

My en Wessel se uitgangspunt is dat ons waardes, dit wat in ons harte is, in ons keuses gereflekteer moet word. Die riglyne wat God vir ons in die Bybel gee, moet toepassing vind in ons alledaagse lewe.

*Spreuke* 3:5, “Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.” Dit beïnvloed elke besluit wat ’n mens elke dag neem, wat jy sê, waaroor jy praat, waarmee jy jou besig hou, met wie jy vriende is, wat jou motiveer en hoe jy jou kinders hanteer en watter waardes jy vir hulle leer oor wat belangrik is. Ons probeer teenwoordig, in die oomblik lewe, een dag op ’n slag. Ons maak gedurig foute, maar probeer daaruit leer. Ons is positief-optimisties oor ons en ons kinders se toekoms, wetend dat God se genade elke oggend nuut is!

YDB PROKUREURS
Yvonne de Beer Attorneys

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0oo0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## Drie weergawes van Psalm 91: 1—3; 5-7; 9-11

1 Hy wat in die skuilplek van die
Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee
van die Almagtige.
2 Ek sal vir die HERE sê: My toevlug en my
bergvesting, my God op wie ek vertrou.
3 Want hy is dit wat jou sal red uit die net
van die voëlvanger, van die verderflike pes.
***********
5 Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die
nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,
6 vir die pes wat in die donker wandel, vir
die siekte wat op die middag verwoes nie!
7 Al val daar duisend aan jou sy en
tienduisend aan jou regterhand—na jou sal dit
nie aankom nie.
***********
9 Want U, HERE, is my toevlug. Die
Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.
10 Geen onheil sal jou tref en geen plaag
naby jou tent kom nie;
11want Hy sal sy engele aangaande jou bevel
gee om jou te bewaar op al jou weë.

**1953 Afrikaanse vertaling**

1 Hy wat in die beskutting van die
Allerhoogste woon, hy wat in die skaduwee
van die Almagtige oornag,
2 sê vir die Here: “My skuilplek, my
bergskuiling, my God op wie ek vertrou!”
3 Hy is die Een wat jou red van die net van
die voëlvanger, van dodelike pessiekte.
**********
5 Jy sal nie bang wees vir die verskrikking
van die nag, vir ’n pyl wat oordag vlieg nie,
6 vir ’n pessiekte wat in die donker rondloop,
vir ’n epidemie wat helder oordag verwoes nie.
7 Daar kan duisend val aan jou linkerkant en
tienduisend aan jou regterkant, naby jou sal dit
nie kom nie.
**********
9 Ja, U, Here, is my skuilplek! Die
Allerhoogste het jy jou woning gemaak;
10 Onheil sal jou nie tref nie en ’n plaag sal
nie in jou tent kom nie,
11 Want Hy sal sy engele opdrag gee om jou
te beskerm op al jou paaie.

**2014 Afrikaanse vertaling**

1 He that dwelleth in the secret place of the
Most High shall abide under the shadow of the
Almighty
2 I will say of the LORD, He is my refuge
and my fortress: my God, in him will I trust.
3 Surely he shall deliver thee from the snare
of the fowler, and from the noisome pestilence.
**********
5 Thou shalt not be afraid of the terror by
night, nor for the arrow that flieth by day;
6 nor for the pestilence that walketh in dark-
ness, nor for the destruction that wasteth at
noonday.
7. A thousand shall fall at they right hand;
but it shall not come nigh thee.
**********
9 Because thou hast made the LORD, which
is my refuge, even the most High, thy habita-
tion;
10 There shall no evil befall thee, neither
shall any plague come nigh thy dwelling.
11 For He shall give his angels charge over
thee, to keep thee in all thy ways.

**1611 English, King James version**

# Unplugged Vertel:






**Ons het vir UP-lede gaan vra:**

***"Wat dink julle van die grootmenswêreld?"***

***"Wat wil julle vir grootmense sê?"***

**Hier is vyf antwoorde**



*Ek dink soms die grootmenswêreld is in sekere aspekte nie so anders as ons tienerwêreld nie: daar is 'n ewe groot behoefte om in te pas, 'n luuksekar te bestuur, in 'n mooi groot huis te leef, jou tieners in die beste skool te hê, een van die "cool ma's" te wees ensovoorts. Die groot verskil is dat baie van hierdie behoeftes die gevolg is van ouers wat die beste vir hulle tieners wil hê en dit maak die grootmenswêreld meer gekompliseerd as wat nodig is.*

*Ouers moet in gedagte hou dat tieners baie minder behoeftes het as wat dit lyk, en dat hulle sal vra sal vra vir dit wat hulle nodig het. Ek dink grootmense (spesifiek ouers) het ook, nes tieners, soms net nodig om te slow down en te kyk na wat vir hulle ware geluk bring en wat die Here vir hulle beplan.*

*Ek dink tieners voel die grootmenswêreld is iets baie vreemds en onbekend. Dit maak ons partykeer 'n bietjie bang om daaroor te dink, veral omdat grootmense baie verantwoordelikhede het en met dinge soos belasting, versekering en werksomstandighede moet deal. Ek dink baie van ons voel asof dit 'n groot wye oopte is met verskriklik baie keuses wat jou hele lewe kan verander. Dit is nogal scary en ons weet nie hoe ons op ons eie gaan kan regkom nie.*

*Ek dink ons as tieners wil graag net vir grootmense herinner dat hulle ook eenmaal tieners was.*

*Grootmense is geneig om neer te kyk op tieners omdat ons blykbaar net moeilikheid veroorsaak, maar hulle vergeet dat hierdie 'n baie moeilike, deurmekaar en onseker deel van jou lewe is. Daarmee saam wil ek ook vir grootmense sê dat ons generasie in 'n heeltemal ander wêreld grootword as waarin húlle het.*



Alle illustrasies uit *Google Images*



**"Hoe dink julle as tieners oor die grootmenswêreld?"**

*Die grootmenswêreld is definitief nogal scary vir my. Dit lyk soos 'n plek waar mense baie sukkel en uiteindelik verkrummel, maar ook waar baie mense floreer en hul paadjies vind. Ek dink as jy die regte paadjie volg en met die regte mense werk / kuier, sal dit nie so sleg gaan nie. Ek dink as jy tiener is, is jy definitief nog nie reg vir die grootmenswêreld nie, maar jy groei daar in. Ek het dit beleef met my broer (nou 19). Hy het net skielik sy manier van lewe verander om aan te pas by die moeilike grootmenswêreld.*

**"Wat sou tieners vir grootmense wou sê?"**

*As ek vir 'n grootmens iets kon sê of op 'n manier raadgee, sou dit wees dat hul die grootmenswêreld reg moet los, sodat ons tieners net kan regvat en reg begin (as dit sin maak). Hul moet ons ook bewus maak waarvoor ons "in" is en so veel as moontlik raad gee, sodat ons nie dieselfde foute as hulle maak nie, maar ons eie maak, waaruit ons kan leer.*



*Ek is redelik geïntimideerd deur die grootmenswêreld, want ek weet dis so groot en ek het eintlik geen idee in watter rigting van werk ek eendag wil wees nie. In daardie aspek is ek 'n bietjie onseker. Maar ek is ook baie opgewonde oor die onafhanklikheid wat dit bring en die nuwe geleenthede.*

*Iets wat ek vir grootmense sal wil sê, is dat ek verstaan as hulle nie als uitgefigure het nie. Ek het nou eers besef dat net soos wat ek vir die eerste keer baie goed nou ervaar en deur veranderinge gaan, so doen hulle dit ook.*



**Wederkerige gesprekke**

https://yourteenmag.com/family-life/communication/how-should-teenagers-address-adults

https://safertomorrows.com/

https://www.webtheoria.com/infographic-on-adults-vs-teens-social-media/

https://www.parenttoolkit.com/social-and-emotional-development/conversation-starter/responsible-decision-making/5-ways-to-talk-with-young-adults-about-alcohol-and-drugs

*Ek persoonlik sien die grootmenswêreld as baie scary, kan ek sê. Dit voel vir my daar's so baie angs en stres en verantwoordelikheid; ek is maar baie skrikkerig om groter te word.*

*En wat ek vir grootmense sou wou sê, is om op te hou baklei en stres, om net 'n oomblik vir hulleself te vat en amper weer die mooi in die klein goedjies te sien, om nie te worrie oor môre nie, maar die dag te geniet.*

# UP-Tienerbediening: ’n Kerk sonder ’n gebou



Die eerste kwartaal van 2020 merk my eerste drie maande as Jeugleraar by Moederkerk. Tesame met die leierspan kon ons voortbou op die suksesse wat Angelique Havenga op die been gebring het. Hierdie is naamlik eredienste waar die tieners in kleingroepe vóór die erediens met hulle mentors oor die teksvers gesels, en waarin hulle ook by die liturgie van die erediens betrokke is.

Ons het verder hierop uitgebou deur vir die tieners geleentheid te gee om met die mentors te kan gesels oor die uitdagings in hulle persoonlike lewe. Hierdie is bewerkstellig deur by meer as een van die eredienste die geleentheid vir die tieners te skep om op stukkies papier hulle nood neer te skryf. Hulle kon hulle skrywe paar met die naam van ’n mentor met wie hulle graag daaroor wil gesels. Die effek hiervan was dat die **UP**-Tienerbediening op ’n baie persoonlike vlak die tieners bedien. Sodoende het ons ons op die versorging en toerusting van die tieners toegespits.

Met die aankondiging dat ***#imagine*** gekanselleer is, tesame met die aankondiging van die grendelstaat wat die skole gesluit het, kon ons uitbrei op die persoonlike benadering van ons bediening. Die feit dat die tieners tegnologies ongelooflik kundig is, het die weg vir ons gebaan om “kerk” te bly wees, al is die kerkgebou toe. Ons is tans besig met Rob Bell se *Nooma*-reeks wat ons elke dag via ons *WhatsApp* groepe uitstuur. Verder bedien ons die tieners deur middel van ’n Sondagaand-Potgooi waarin ons die teks van die week bespreek en die tieners uitnooi om met inisiatief steeds “Entrepreneurs van Hoop” in hierdie tyd te wees.

**Up**-Tienerbediening ervaar die spanning dat hierdie ’n unieke en onsekere tyd is, maar kies om aan die *hoop* vas te hou. Ons doen dit deur aktief op te tree, om daar waar ons is, kérk te wees, al ís die kerkgebou vir nou gesluit.

*Lionel Hutton*
lionel@moederkerk.co.za



# Kinderkaskenades

MOEDERKERK
KRUISKERK

## Die Akkerklub: Chippie se brief

Liewe Maats

Ek sit snoesig en bak in die sonnetjie hier in my eikeboomhuis by die kerk. Ek sien al my eekhoringmaats voor hulle huisies sit en daar is darem so af en toe beweging as hulle uitglip om akkers vir die volgende paar dae te gaan versamel. EK MIS MY VRIENDE! Ek mis julle gesiggies elke Sondag hier onder ná kerk en ek mis dit om julle by die Kweekskool te verras. Niemand vat aan my warm pels nie, niemand vertel my hoe oulik ek is nie en niemand vat my hand om saam oor die straat te loop nie. Ek het al so baie lekkers bymekaar gemaak om uit te deel, maar niemand kom om dit uit my mandjie te haal nie.

Julle voel seker ook soos ek, party dae? Vasgekeer by die huis, geen maats om mee bal te skop of te speel nie… geen uitstappies na ons mooie Stellenboschberg nie… geen sport by die skool nie… ai, julle, daar is darem baie wat ons mis!

Maar weet julle, Maats, ek sit ook hier elke dag en dink aan die wonderlike dinge wat hierdie tyd ons wel leer! Ons kan kreatief nuwe dinge bou en uitdink, ons kan meer boeke lees, ons kan later gaan slaap en later opstaan (jippee!!!) en ons kuier heeltyd saam met die mense wat ons liefhet. Ek het hierdie tyd geleer om akkerpastei te maak en om agteruit bollemakiesies te slaan. Wat het jy geleer?

As ek die koerantopskrifte op die pale hieronder in Drostdystraat lees, dan besef ek ons land kry swaar en die wêreld nog swaarder. Ek loer oor almal se skouers wat soms hier verby stap en dan sien ek hoe die… *lees verder op die agterblad*

televisie vertel van almal wat siek is, van al die dokters en susters wat baie hard werk, van ons president wat belangrike besluite moet neem en ook van mense wat ander mense help wat swaarkry. Dan besef ek, Maats, ons sal nou baie hard moet dink aan wat ons alles kan doen om mense te help in hierdie moeilike Corona-tyd.

Wat dink julle kan ons alles doen? My lysie sover lyk so:

1 Bel my maats wat ek weet alleen is.
2 Stuur stories vir my Oupa en Ouma om te luister, want hulle is baie alleen.
3 Maak kaartjies vir mense wat elke dag daar buite werk en mense help.

Ek sal baie graag wil hoor wat julle dink ons kan doen.

Maats, Liewe Jesus is steeds elke dag met ons, Hy het vir ons gesterf aan die kruis soos julle by Paasfees weer gehoor het en Hy het ook opgestaan! Dit beteken Hy is elke dag saam ons en Hy gaan saam ons hierdie vreemde tyd in ons wêreld oorwin! Julle moet elke aand saam met my bid. Ons God gaan ons vashou in die tyd en ek weet julle glo, net soos ek.

Nou ja julle, my geselstyd is verby – ek moet gaan akker-inkopies doen. Ek glo ons gaan mekaar gou weer sien – waai vir my asseblief, wanneer julle weer hier kan verbystap.


Liefde vir al my maats in julle tuine.

Akkergroete,

**Chippie**



Chippie kort 'n akker om sy gunsteling akkerpastei te bak.
Help vir Chippie om by die akker
vir sy akkerpastei uit te kom.















Lekker speel! Tannie Marianca